

HOOFSTUK IV

NADERE BESPREKING VAN VERSKILLE

(i) t.o.v. NEDERLANDS

Dat daar in Afrikans aansienlik meer as in Nederlands taalaktiviteit om die diminutief heen te registrere val, het uit die volgende geblyk: (i) die groter aantal woorde—enkel afgaande op afleidinge wat kan diminueer, en hierby veral abstracta; (ii) composita van die tipe dimin. plus dimin.; (iii) eiename; (iv) stofname; (v) die sintaktiese „dwang” van *klein*; (vi) sekere groepe vormvaste diminutiva; (vii) dubbelvorme, en (viii) die veelvuldiger gebruik in die letterkunde, d.w.s. die feit dat daar in die Noord-Nederlandse letterkunde blykbaar heel veel meer bundels is waarin betreklik min diminutiva voorkom dan in die Afrikaanse.¹⁰²⁾ Hierby moet gevoeg word (ix) dat die diminutief nie oor die hele Nederlandse taalgebied voorkom of veelvuldig voorkom soos oral in Suid-Afrika die geval is nie.

Vanwaar nou hierdie verskille?

Om die vraag met enige mate van stelligheid te kan beantwoord, is uit die aard van die verskille onontbeerlik kennis van (a) Afrikaans aan die end van die sewentiende tot sê sowat die middel van die agtiende eeu, waaroor ons ongelukkig weinig meer as iets oor die algemene taaltoestande en die woordeskat weet, (b) sewentiende eeuse Nederlands, wat baie beter bekend is, dank sy die veelvuldige literatuur uit dié periode, hoewel die kennis van die semantiese aspekte van diminutiefgebruik daarin nog onontgonne terrein is, (c) die huidige Nederlandse dialekte nou-

¹⁰²⁾ Sien lys D op bls. 135 hiervan.

keurig gefynkam spesiaal met die oog hierop, en (d) 'n vry volledige beeld van die diminutief in die Nederlandse letterkunde.

Oor die herkoms en vorm van die diminutief in Nederlands is daar al uitvoerig geskrywe, en tòg nog nie genoegsaam of diepgaande of nie-vooropgeset genoeg om daarop „van den ontwikkelingsgang der Nederlandsche Verkleinwoorden een duidelik beeld te vormen”.¹⁰³⁾ Die enigste wat enigsins op vaste voete staan, is die bevinding, op dialekgeografiese ondersoek gebaseer, dat „al de bestaande productieve verkleiningsuitg. van het modern Ndl. taalgebied.... uit een ouder -k-suffix (verklaarbaar zijn)”,¹⁰⁴⁾ en selfs dit is nie onaanvegbaar nie. In elk geval is die hoofsaak van die posisie dat die Nederlandse gegewens nog op verre na nie genoegsaam is vir 'n volledige en noukeurige vergelyking met Afrikaans nie. Daarom is daar geen keuse dan om langs 'n ander weg na 'n antwoord te soek nie, al moet ons ons dan noodgedwonge hierby beperk tot algemene prinsipes en afsien van onmiddelliker korrelasie met Nederlands.

'n Paar van die vrae wat vollediger kennis verg, is die volgende. Indien die Afrikaanse toestande nèt so uit sewentiende eeuse Nederlands kom, waarom sou die diminutiefgebruik dan in moderne Nederlands afgeneem het?—'n vraag aan die adres van die Nederlandse taalkundiges. Was die posisie in huidige Afrikaans en sewentiende eeuse Nederlands dieselfde, sou dit onder meer ook insluit dat dubbelformasies sedert die sewentiende eeu uit Nederlands (sou) verdwyn het. Ons sien egter vandàg nog dergelike formasies in Afrikaans ontstaan, sodat die hele geval myns insiens suiwerder as volg gestel kan word,—en aan òns adres: waarom het die vorming en gebruik van diminutiva in Afrikaans so toegeneem bó Neder-

¹⁰³⁾ Dr. W. Pée: *Dialectgeographie der Ned. Diminutiva* (deel I), bls. 52.

¹⁰⁴⁾ Pée t.a.p. bls. 105.

lands?, met daarby die vir ons sekondêre vraag: waarom Nederlands in dié opsig nie bygehou het by Afrikaans nie?

Met hierdie paar opmerkinge kan ons dan tot die verskille self kom. En dan is wel die eerste punt van kardinale belang dit: dat die verskille inderdaad nié so groot is as wat hulle so ongekwalifiseerd voorkom nie. Die kwalifikasies, naas wat reeds bespreek is t.o.v. die lys, geld die volgende: (i) dimin. plus dimin.-composita. Hierdie konstruksie is, volgens ons vroeëre bespreking, nog maar in sy skugtere beginstadium, en is in elk geval tóg onderhewig vir sy bestaanbaarheid aan voorafgaande ontwikkeling tot vormvastheid van die eerste compositumlid, net soos in die geval van die enkelvoudiger tipe: dimin. plus primitivum (of onverkleinde vorm).¹⁰⁵⁾ Hierdie verskilpunt moet dus buite rekening gelaat word. (ii) eiename. Hulle is uitermate moeilik te kontroleer, en my indrukke van 'n veelheidsverskil hiér is gebaseer op enkele Nederlandse bundels. Volgens Pée se verwysing na „ontelbare verkleinvormen van eiggennamen” wat deur Kloeke genoteer is,¹⁰⁶⁾ meen ek egter van 'n verskil op dié hoof te moet afsien. (iii) Vormvaste diminutiva. Hierby is reeds vasgestel dat sowat 50% van die Afrikaanse ook vormvas is in Nederlands. Die res sou dus spesifiek Afrikaans wees. By hierdie res geld nou nog die volgende: (a) hulle tel 228, en 40 daarvan (gelyk aan 18%) kan herlei word tot Nederlands. Daar bly dus 188. Maar (b) dit is dan die resultaat van Afrikaans gekontroleer aan Nederlands, wat nié dieselfde is as Nederlands gekontroleer aan Afrikaans nie. Dít is reeds aangedui met vóórbeelde van vorme wat alleen Nederlands is, nie met volledige Nederlandse lyste nie. Ek meen dus dat ook die verskil in dése buite rekening gelaat moet word.

¹⁰⁵⁾ Vgl. bls. 14 hiervan.

¹⁰⁶⁾ Pée t.a.p. bls. 34.

Daar bly dus alleen oor diminuering by 'n paar suffikse, die skynbaar meerdere gebruik by stofname — nié die kwessie van diminuering by hierdie begripsoort nie —, die groter dwang van klein plus 'n diminutief, dubbelvorme, die voorkoms in die letterkunde en die geografiese verspreidheid. Die laasgenoemde punt beteken vir Afrikaans net: gelykheid van verspreiding en in-stand-houding, wat eenvoudig 'n onderdeel is van die gelykheid van taalgebruik oor ons hele taalgebied. Het die Nederlandse volk — of die Hollanders en die Vlaminge vir wie dit so mag wil — ook in die sewentiende eeu onder min of meer gelyke omstandighede en as min of meer homogene groep, van één sentrum af uit versprei, soos die Afrikaners, sou ons 'n ongeveer gelyke verspreiding vandag verwag. En indien dit opvallende verskille getoon het, sou die verskil in lewensinrigting, materieel en geestelik, vermoedelik heelwat verklaar ten opsigte van die „waarom?” van dusdanige ongelykheid. Soos die posisie egter tans staan, lê agter hierdie ongelykheid veral in Holland allerlei faktore soos verskil in oorspronklike taalvorm — Frankies, Fries en Saksies teenoor mekaar —, die inwerking van kultureel-oorheersende groepe,¹⁰⁷⁾ en onder meer m.i. ook een van die allerbelangrikste vir die ontwikkeling of uitblywing van allerlei taalvorme: die gewoontes van elke min of meer aaneengeslote groep sprekers. Om net 'n enkele voorbeeld uit vele te noem. In aansluiting by wat vir Afrikaans gevind is ten opsigte van die samehang tussen diminutiefgebruik en die familiêre, geselsende trant, meen ek om wesentlik dieselfde verskynsel te sien in bv. die Kempense dialek. Die Kempenaar „heeft bij het spreken een hekel aan het kordate, directe woord. Hij zwijgt.... of hij keuvelt gezapig als iemand die

¹⁰⁷⁾ Kyk Prof. G. Kloeke: *De Hollandsche Expansie in de 16e en 17e eeuw en haar weerspiegeling in de heden-daagsche Nederlandsche Dialecten.*

tijd te veel heeft"; en verder „is de Kempenaar met den ‚Spaanschen Brabander’ en ‚Tijl Uilenspiegel’, met ‚De Witte’ en ‚Pallieter’ verwant; wanneer we de documenten van de Kempische gilden uit de vijftiende en de zestiende eeuw doorsnuffelen, treft ons het uitbundige en het weelderige der feesten.”¹⁰⁸⁾ En: Kempies-Vlaams wemel van diminutiva! Stel hier-teenoor Gronings met sy opvallende armoede aan diminutiewe, en daarby wat K. ter Laan skrywe: „De Groninger *uit zich niet*. Onze dichter Jan Boer zei het zo in zijn aanspraak tot de nieuwe burgemeester in de stad, die ook alweer van buiten kwam:

Ons volk is moar wat stroef en kòld,
 Net as zien graauwe kloeten.
 Moar 't beste is noar binnen vòld,
 De roege kaant zit boeten.

Ja, 't is nog veel ‚erger’ dan een Hollander vermoeden kan. *Menige Groninger uit zich nooit*, ook en zelfs niet in zijn eigen gezin, tegen vrouw en kinderen. Niet dat hij geen gemoedsleven en zelfs geen rijk gemoedsleven heeft. Maar hij praat er niet over.”¹⁰⁹⁾

Dit egter net ter illustrasie van enkele faktore wat dikwels saamgaan. Tenslotte hierby 'n enkele voorbeeld van die verwikkeldheid van allerlei faktore op een déél van die Hollandse taalgebied, soos deur Dr. Pée saamgevat uit 'n studie van Prof. Kloeke.¹¹⁰⁾ „Emsland en Oost-Friesland zijn over het algemeen diminutief-arm, vooral het laatste. Waar dimin. gebruikt worden heeft Emsland -ka(n) met umlaut, Oost-Friesland -ka en -(t)ja; Noord-Overijssel, Genemuiden, Hasselt, het niet Friesch sprekend deel

¹⁰⁸⁾ Uit artikel van Dr. R. Sterkens in *De Nederlandsche Volkskarakters* (1938) (Redaksie: De Vries & Meertens), blss. 410 en 413.

¹⁰⁹⁾ In *De Nederlandsche Volkskarakters*, bls. 19.

¹¹⁰⁾ Pée t.a.p. blss. 46-47.

van Friesland, Drente (uitgenomen de Veenkoloniën) en de stad Groningen hebben -in zonderumlaut; het overige deel van Overijssel heeft grootendeels -in metumlaut, dat doorloopt tot in Gelderland en het graafschap Bentheim. Apeldoorn en omgeving hebben geen -in-suffix, na -d, -t, -l, -n, maar -jan. Vaasen heeft -sin na -k. De Bentheimer omgeving heeft plaatsen met -in naast -kan; de Graafschap zelf heeft nu eens genasaleerde -i (wat ook het geval is voor het aansluitend Nederlandsch gebied), dan weer niet. Verder geeft Kloeke nog de suff. aan voor het Noorden der Veluwe, Urk, e.a. en komt tot het besluit dat het verkleiningsprobleem in het N.O. niet langs phonetischen maar *langs cultuur-historischen weg te verklaren* is. Aan de -in-suffix in Bentheim ligt een zekere westelijke invloed ten grondslag, die met de geloofsverhoudingen in verband staat. Algemeen beschouwd zijn de -in-sprekers Protestanten, de -kensprekers Katholieken; dit geldt vooral voor de -in-grens, ten O. van Friezenveen; zij is tevens geloofsgrens. Hoogs waarschijnlijk hebben de Protestantsche Bentheimers -in overgenomen. Ook de bevaarbaarheid der Vecht speelt een rol: het -in-gebied strekt zich uit tot aan Noordhorn, d.i. tot waar de Vecht bevaarbaar was. Is nu Overijss. -in ook aan westelijken invloed toe te schrijven? Zoo ja, dan kan alleen Utrecht het uitstralend centrum zijn. Naast een 16de eeuwsche cultuurstrooming uit Amsterdam en een laat-middeleeuwsche uit Zuid-Nederland, zou nu nog een derde, middeleeuwsche uitstraling te boeken zijn met Utrecht als centrum."

Aan hierdie saak sit dus nog heel veel problematies vas. Die enkele verwysing illustreer egter minstens één punt baie duidelik: dat waar soveel heterogeneiteit geheers het en vandag nog heers, altans gedeeltelik, die uitbou op allerlei taalelemente noodwendig stadiger moet gaan as by groter homogeneiteit — soos ons bv. gehad het en nog het in Suid-Afrika.

Selfs wat betref die verskil insake die letterkunde, sou bogenoemde twee faktore eintlik reeds al die owerige punte van verskil wat hiervóór saamgevat is, kon insluit. Tog wil ek daar geensins met so 'n breë swaai oor heen stap nie.

Die verskil in Nederlands, naamlik van bundel tot bundel en van skrywer tot skrywer, vind myns insiens sy verklaring in dieselfde styloorweginge wat ek by Afrikaans uiteengesit het.

Opm. Dit lê buite die bestek hiervan om ook die *moontlike* verskil in dese tussen Vlaams en Hollands te ondersoek of te bespreek.

Hiermee is die verskille dan afgespits op diminuering by stofname, suffikse, die gebruik by *klein*, en dubbelvorme, almal natuurlik met die hiervoor uiteengesette kwalifikasies.

Hierdie kern is nou verder verdeelbaar in twee groepe: stofname en die gebruik by *klein* aan die een kant, en aan die ander kant dubbelvorme en die paar aangestipte suffikse. Die eerste groep vind groot aansluiting by Nederlands — altans die belangrike is hier dat die prosès daar voorkom, wat veral van gewig is by stofname. Hierin is die Nederlandse gebruik dus net 'n entjie verder gevoer in Afrikaans, al kan dan nog altyd gevra word: waarom dan? 'n Spesifieke antwoord hierop kon ek nie vind nie, daarom bepaal ek my verder veral tot die groep: dubbelvorme en suffikse — die enigste twee waarby ek niks ter aansluiting in Nederlands kon vind nie.

Opm. Vlaamse „stapelvormen” soos *wegelingsken* en *kruimelingsken* ¹¹¹⁾ is nie analogies met ons verskynsel nie.

¹¹¹⁾ Pée t.a.p. bls. 20, voetnoot aldaar.

In my soeke na 'n verklaring het ek dit die beste geag om maar so ver moontlik om my heen te sien — ek wou naamlik nie die rigting van die spoor ondergeskik maak aan die presiese sóort spoor nie.

'n Intern-Afrikaanse faktor wat as tentatiewe verklaring genoem ¹¹²⁾ is, is die rol van kindertaal — al het dit dan geskied sonder bepaling van die presiese lading van die skynbare verskil tussen Nederlands en Afrikaans. By so 'n sterk affektief gelade taalvorm soos die diminutief is kinderinvloed wel inderdaad, gesien ook die groot Afrikaanse huisgesinne veral in die eerste sowat 200 jaar van ons volksplanting — soos Nienaber opgemerk het — baie waarskynlik. Terselfdertyd is daar 'n paar bedenkinge teen kindertaal te beskou as meer dan net 'n konvergerende faktor, wat dan nié van Afrikaans in meerdere mate as van ander tale geld nie: (a) die kind ken wel abstrakte begrippe en hul benaminge — dié soort waarvan Afrikaans meer skyn te gebruik dan Nederlands, te oordele na diminuering by afleidinge, — maar sy gedagtelewe is tòg véél meer konkreet gestoffeer; daarom lyk besondere kinderinvloed by abstracta my veel onwaarskynliker as by concreta; (b) mede hierom lyk die invloed my nog des te onwaarskynliker as ons kom nie net tot die aanvoeling van, maar ook en veral tot die uitsegging — en dit deur middel van 'n *woordformàns* —, van gevoelskakeringe by abstracta; (c) kinders is verreweg nie die enigste groep wat (sterk) affektiewe taal besig nie — en hier is dit noodsaaklik om in die gedagte te hou dat sulke taal alleen 'n vormgewing is na buíte van innerlike gemoedsbeweginge by die mens —: dink bv. aan die bekende Beierse en Vlaamse „gemütlichkeit” of aan die joligheid van die Afrikaanse kleurlinglewe met sy uitdrukking in variante vorme: „na joligheid kom

¹¹²⁾ Dr. Nienaber, t.a.p. blss. 79, 82 vlg., en ook Dr. D. B. Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans* (1928), bls. 142 vlg.

vrolikheid". Ek meen dat die kleurlinge veel meer gevoelsmense is ¹¹³) — aan die kant van die opgewekte gevoelens — sy dit miskien seldsaam verbonde met diepte van gees — dan die Afrikaner, en dat so weer op sy beurt die opgevoede (en geletterde) Afrikaner (veel) minder gevoelsmens is — altans wat betref uiting daarvan en aandrywing daardeur — dan die minder opgevoede en geletterde, hy is meer berekend, minder spontaan. Dan kan ek ten opsigte van diminutiva in die eerste jare van die weinig beskaafde en veel jolyt makende Hollandse volksplanting — vergelyk daarvoor ook bv. die volkse in gees en taal, diminutiva inkluis, van Breerose *Kluchten* — eerder as ongewoon veel kindervloed, aanneem heel veel invloed van vry-uit lewende volksmense wat in hul taal 'n middel voor hande gehad het ter gedeeltelike uitsegging van hul vele gevoelsassosiasies: affektief ¹¹⁴) lewend, affektief sprekend dus. Want teen die waarskynlikheid van ongewoon veel kindervloed kom nog by dat (d) dusdanige invloed nie te bewyse is uit die enigste twee aspekte wat oorbly, nl. (i) die 228 Afr. vormvastes en die vraag wie hulle gevorm het en (ii) dubbelvorme nie.

Die feite is die volgende: by (i): 'n Ontleding van die bespreking van die spesifiek Afrikaanse vormvaste diminutiva gee die volgende resultaat: van die getal wat uit die 17de eeu kan dateer, is alleen 6% waarskynlik aan kindervloed toe te skrywe, te wete die klanknabootsing en enkele name by en van kinderspeletjies, 30% is waarskynlik van die vrou-moedergroep, 18% van Nederlands, in 3% kan ek geen aanleiding tot diminuering sien nie, en in 43% kleinheid, begripsonderskeiding en naamgewing.

¹¹³) Lathrop Stoddard praat in *The Rising Tide of Color*, bls. 90, van die „intense emotionalism” van die naturel, iets wat eweneens van die kleurling en die Hottentot geld.

¹¹⁴) Vgl. ook verdere bespreking van die dimin. in Latyn, bls. 121 vlg. hiervan.

- Opm. 1. Die laasgenoemde drie faktore is vandag nog volop werkzaam in Afrikaans, soos byvoorbeeld te sien is in ons benaming van „foxgloves” (*digitalis purpurea*), nl. „vingerhoedjies”, en kom voor in alle tale wat veel van diminutiva gebruik maak.
2. By ontstentenis van presiese gegewens oor die datum van ontstaan van aparte woorde of woordvorme is „waarskynlike gebruik-sfeer” die enigste diensbare begrip wat my bekend is. Aan wie net met die begrip „moontlik” wil werk en dus ook die 43% hierbo aan „die kind” wil toeskrywe, kan die volgende in oorweging gegee word: as Nederlands dan ruim soveel as Afrikaans kon diminueer sonder ongewoon veel kinderinvoel, dan kan Afrikaans dit tog seker ook.

By dubbelvorme is op te merk dat, blykens huidige Afrikaanse taalfeite in dese, hùl vorming sekondêr is by ontwikkeling tot vormvastheid, d.w.s. by die vormvastes, sodat die stapelvorming nie sou kòn geskied het in die laat-sewentiede eeuse kinderryke jare aan die Kaap nie, maar eers daarná. Brei ons dit nou uit tot die 18-19de eeu, dan word die „waarskynlike” kinderaandeel byna 10%, — uiters gering dus —, en die dubbelvorme dus van nòg latere datum.

Die sterkste teenfaktor hiér bly egter: die Nederlandse parallel sonder aanwysbare kinderaktiviteit.

By dit alles kom nog 'n laaste oorweging, naamlik dat (e) die „kind” nie die enigste „tema” is wat baie diminutiva om hom heen aantrek nie: getuig hiervan die feit dat, volgens my nalesing, nieteenstaande die veelvuldigheid van diminutiefgebruik in ons letterkunde, dit daarin maar heel gedeeltelik om en deur die kind gebesig word. Daar is naamlik nie één bundel vir volwassenes in die hele literatuurlys (wat hier agterop gegee word) waarin die meerderheid of

selfs tot 25% van die diminutiva om die kind (of die vrou-moeder) heen gebruik word nie.

Die kind as besondere faktor beskou ek dus as onwaarskynlik.

Alvorens nou ànder moontlike of waarskynlike faktore hier te noem, wil ek die posisie ten opsigte van die diminutief in 'n paar ander tale aanstip, om sodoende vanself tot faktore ànder, en waarskynliker, as besondere kinderinvloed, te kom.

Gelukkig is hierby, anders dan in Nederlands, die betekenisaspekte van die diminutief beter ondersoek, sodat ons nie hoef te bly steek by in hoofsaak vorm-en gebruiksaspekte nie.

(ii) DIE GERMAANSE TALE

Aangesien daar genoegsaam oor Nederlands gehandel is en die Skandinawiese tale die diminutief nie ken nie en Engels baie matig, volstaan ek hier met Duits. Die posisie ten opsigte van die voorkoms en gebruik van die diminutief daarin word deur Ferdinand Wrede as volg opgesom: „Ein groszer Teil des deutschen Nordens ist mindestens diminutivarm, ja stellenweise ebenso wie Skandinavien und England so gut wie diminutivlos; nach Süden nehmen die Bildungen ständig zu, und in Oberdeutschland sind sie überaus häufig, ja die naive Alltagssprache scheint dort in Verkleinerungsformen zu schwelgen.”¹¹⁵⁾ Eintlik is die beeld van die verspreiding van die diminutiva op Duitse gebied heelwat bonter as wat uit bostaande samevatting blyk, maar dan meer ten opsigte van die diminutiefsuffiks dan ten opsigte van die gebruik van diminutiva. So bv. die uitgang -ing, veral in Mecklenburgs, maar ook in dele oos en noord daarvan. En Mecklenburgs gebruik ook weer nie só veel dat daardie hele „mittlere Niederdeutsch” anders

¹¹⁵⁾ F. Wrede: *Die Diminutiva im Deutschen* (1908), bls. 73.

beskrywe kan word as „im allgemeinen diminutivlos oder mindestens diminutivarm” nie: „trotz der hochdeutschen (waarin vry veel diminutiva gebruik word) Vorlage sins auf den Fragebogen die Diminutiva in der Mehrzahl durch die Simplicia wiedergegeben.”¹¹⁶⁾ Op grond van dié verspreidingsverdeeltheid word dan die vraag gestel: „Sind die Diminutiva, einstmals allgemein deutsch und germanisch, im Rückgang begriffen, dergestalt dass sie in Mitteldeutschland allmählich verblassen und in Norddeutschland wie in Skandinavien und England stellenweise geschwunden sind?, oder waren sie einstmals überhaupt nicht deutsch und germanisch, sondern dringen sie erst allmählich ein, dergestalt dass sie heute im Süden zwar schon herrschen, in Mitteldeutschland sich entwickeln, aber bis in manche nördliche Striche überhaupt noch nicht vorgedrungen sind?”¹¹⁷⁾ Ondersoek het aan die lig gebring dat „die Bildung der Appellativa diminutiva von Hause aus etwas Undeutsches und Ungermanisches gewesen, vielmehr in unserer Muttersprache erst allmählich und verhältnismässig spät aufgekommen sei.” Polzin het gemeen dat die stoot tot diminutiefgebruik van Latyn gekom het. Wrede het egter gevind dat alleen vasstaan dat „bis ins elfte Jahrhundert hinein die belegten deutschen Diminutiva einen fremdartigen Eindruck (machen), sie sind der natürlichen Mundart nicht geläufig, ihre Belege stehen alle unter dem Einfluss lateinischen Vorbildes.”¹¹⁸⁾

Middelhoogduits ken egter die diminutief as 'n „selbständigen, nicht mehr fremd empfundenen Bestandteil seines Wortschatzes . . . im Gegensatz zum Althochdeutschen”,¹¹⁹⁾ sodat die uitbreiding tot Suidduits eers daarná gekom het. Ook op die

¹¹⁶⁾ Wrede t.a.p. bls. 105.

¹¹⁷⁾ Wrede t.a.p. bls. 73.

¹¹⁸⁾ Wrede t.a.p. bls. 74.

¹¹⁹⁾ Wrede t.a.p. bls. 131

vraag „vanwaar?” hier, antwoord Polzin: „aus dem Lateinischen”. Wrede se besware teen dié (teoretiese) antwoord is die volgende: „Der Einfluss der römischen Kirche und ihrer Cultussprache auf das Deutsche in der althochdeutschen Periode zeigt sich, wie bekannt und oft erörtert worden ist, beim Wortschatz, nicht bei der Wortbildung. Und selbst die Herübernahme der Lateinischen Endung *-arius* als ahd. *-ari* oder *-eri* (-) bietet keine befriedigende Parallele, denn sie zeigt mit der entlehnten Function zugleich entlehnte Lautgestalt der Suffixes, während bei unsern Diminutiven nur ihr Princip, ihr Wesen, ihre Function dem Lateinischen abgeguckt, dann aber in ein eignes, nicht entlehntes, echt germanisches Lautgewand gekleidet sein müsste. Hier steckt der Fehler Polzins, an dem seine Theorie scheitert: er macht sich nicht recht klar oder schafft sich nicht die rechte Brücke zu der Tatsache hinüber, dass die alten *-el*, *-elin*, und *-ekin* doch autochthone, echt deutsche und sprachhistorisch durchaus klare und einwandfreie Bildungen sind, die irgendwie und irgendwo im Deutschen immer vorhanden gewesen sein müssen oder sich leicht entwickeln konnten. Wie kam man dazu, eine neue, fremde, dem Lateinischen nachgebildete Wortklasse grade in diese alte, einheimische Lauthülle zu stecken? Und wo gäbe es ein Analogon für diesen merkwürdigen Widerspruch, für entlehnte Function, aber einheimische Lautform einer zahlreichen Wortgruppe?”¹²⁰⁾

Wie die besware¹²¹⁾ van Wrede nie oorweeg nie, sou ligtelik op Latynse invloed kon besluit, gesien die

¹²⁰⁾ Wrede t.a.p. bls. 132.

¹²¹⁾ 'n Ernstige argument teen Polzin se teorie skyn my in die volgende te lê: Frans is 'n late vorm van vulgêre Latyn in die mond van Germane, wat Germaans in „Frankenrijk” verdring het voordat die diminutief in Germaans „einheimlich” begin word het; en: Latyn het vanaf die doop van koning Clovis feitlik die enigste taal van die godsdienst in Frankryk geword (volgens W. von Wartburg: *Evolution et Structure de la Langue Française*,

feit dat Latyn veelvuldig gebruik gemaak het van diminutiefvorme met nie-diminutiewe „Bedeutung”¹²²⁾ — naas groot getalle met wèl-diminutiewe „Bedeutung” — soveel dat Latyn talle dubbelvorme ken,¹²³⁾ en gesien ook die groot invloed van Latyn op Germaans. Wrede maak egter ’n baie aanneemlike saak daarvoor uit dat „die Appellativa diminutiva des Deutschen haben ihrer Ursprung bei den Eigennamen, den Personennamen; sie sind von Hause aus Koseformen, von Appellativen gebildet nach dem Muster der Kosenamen”.¹²⁴⁾ Hy toon aan dat die Duitse diminutiva „von Hause aus Koseformen, nicht eigentliche Verkleinerungsformen” is. „Damit hängt es zusammen, dass so häufig die diminuierende Function durch ein beigefügtes Adjectivum (klein-e) verdeutlicht wird.” Hiermee strook ook volkome „dass im Deutschen vor allem Lebewesen, zumal Menschen, seltener und später Sachen mit der Diminutivform benannt werden.” Langs hierdie weg kom Wrede dan tot die volgende opvatting insake die diminutief in Duits: „Sie sind von Hause aus gar keine Verkleinerungswörter, sondern sie sind ursprünglich, grade so wie die Hypokorismen, verschärfte Individualisierungen; das bedeutet für die sächlichen Diminutiva: sie sind unsprünglich Personificationen. ‚Diminution oder Verkleinerung findet statt’, definiert Jac. Grimm, wenn durch eine in dem Wort selbst vorgehende

hoofstuk 2). Hoe is dit dan te verklaar dat die Germane wat die minste geromaniseerd geraak het, die diminutief van meer bepaald vulgêre Latyn via Kêrklatyn in hûl volkspraak oorneem, terwyl die totaal geromaniseerdes hierdie trek van Latyn, wat vandag nog honderdvoudig veel voorkom in alle ander Romaanse tale, byna geen diminutief ken nie?

¹²²⁾ Kyk J. Friedrich: *Deminutivbildungen mit nicht deminutiver Bedeutung*, Leipzig, 1916.

¹²³⁾ Kyk G. K. Strodach: *Latin Diminutives in -ello/a- and -illo/a-*, Philadelphia, 1933.

¹²⁴⁾ Wrede t.a.p. bls. 132.

Veränderung dem Begriff an seiner vollen Kraft etwas benommen wird. Es soll gleichsam nur ein Stück davon ausgesagt sein." „Das ist nicht richtig, am wenigsten für die ältesten deutschen Belege. Im Gegenteil, das Diminutivum scheint eher eine Begriffssteigerung zu enthalten, eine Isolierung des Begriffes auf den einzelnen Fall, die im Affecte des Redenden begründet ist: *mein dörfchen* soll dem Begriffe ‚Dorf‘ im angewandten Falle ganz und gar nichts von seiner ursprünglicher Kraft und seinem Bedeutungsinhalt nehmen, es soll vielmehr so etwas andeuten wie ‚mein Dorf *κατ' ἐξοχην*‘, es soll specialisieren, ja personifizieren. ‚Zeichen der Personification ist die Anrede () (waarin die ‚ältesten Belege der Diminutiva diese so oft.... zeigen‘); ¹²⁵⁾ sagt Jac. Grimm, und in solcher zeigen sich die ältesten deutschen Diminutiva so oft. Und hierin ist es auch begründet, dass die Diminutiva ihr Reich vor allem in der Kindersprache haben; denn das spielende Kind personifiziert alles, nicht allein die Puppe, auch die böse Tischecke, an der es sich stößt, und die es deshalb straft. ‚Die anthropomorphische Phantasie ist ein eine Weltanschauung, die einst die einzige, auch die wissenschaftliche war‘, dieses Wort Roethes in seinen schönen Ausführungen über den Ursprung des grammatischen Geschlechts findet einen neuen wichtigen Beleg in dem Ursprung der deutschen Diminution. Jetzt begreifen wir auch, weshalb der Schweizer selbst den groszen Berg ein *bergli* und das kräftigste Donnerwetter ein *wetterli* nennt: nichts von Nachspuken eines spätlateinischen ‚*monticulus*‘, nichts von euphemistischem Zuge des Sprachlebens; es sind von Hause aus lediglich Personificationen, mit denen der Mensch auch gewaltige Naturerscheinungen sich vertraulich näher rückt und die schliesslich von dem Vorstellungskreise einer primitiver Mythologie nicht allzu weit entfernt sind.“ ¹²⁶⁾

¹²⁵⁾ Wrede t.a.p. bls. 134.

¹²⁶⁾ Wrede t.a.p. bls. 136.

Laat ons aanneem dat die diminutiva „von Hause aus lediglich Personificationen sind”, dan is daarmee egter ten enemale nog nie gesê of bewys dat dit „auch heute” nog die geval is by nuwe diminueringe nie en, wat meer bepaald Switsers-Duits aangaan, ook niks aangetoon ten opsigte van die inwendige taalvorm van vorme soos *bergli* en *wetterli* nie voordat ten minste bewys is dat dié vorme uit 'n (of dié) personifiëringstadium dateer nie.

Ek het vry uitvoerig uit Wrede aangehaal omdat hy reeds deur Dr. G. S. Nienaber gesiteer is in verband met die diminutief in Afrikaans. Ek moet daarom nog by enkele punte hier 'n bietjie stilstaan. Dr. Nienaber skrywe: „Dit is my nie duidelik aan watter kant ons die „oorspronklikheid” moet soek nie — by Hoge, vir wie die betekenis van kleinheid primair is, of by Wrede, vir wie die diminutiva „von Hause aus Koseformen” is, of by wat Le Roux blykbaar in sin gehad het, 'n sekere gelyktydigheid.¹²⁷⁾ Wat heel seker is, *volgens die huidige toestande in Afrikaans, is dat die taalfeite meer na Wrede dan na Hoge wys* (ek kursiveer), onder die verstandhouding dat ons Wrede se ontwikkelingsmoontlikheid van appellatiewe uit links laat lê.”¹²⁸⁾ (Tussen hakies: waarom word Wrede op dié punt „links laat lê”?, aangesien véél van hom tog vandag algemeen aanvaar word?)¹²⁹⁾ Die bewering dat „volgens die huidige toestande in Afrikaans.... die taalfeite meer na Wrede dan na Hoge wys” word egter nêrens deur Dr. Nienaber bewys nie. Ons kàn trouens ook nie uit Afrikaans — of wat dit betref uit enige ander taal — van vandag, gevalle aanhaal om die juistheid te steun van 'n teorie oor die uitbreiding van diminutiefgebruik in gedeeltes van die Duitse taalgebied sedert die elfde eeu nie.

¹²⁷⁾ „Gelyktydigheid” in Afrikaans van vandag ja, seker — dit het trouens ook uit ons bespreking geblyk —, maar dit het niks met Wrede te maak nie.

¹²⁸⁾ Nienaber t.a.p. bls. 75.

¹²⁹⁾ Volgens samevatting van Dr. Pée, t.a.p.

Wie aanneem dat Wrede ten opsigte van die „woher” van die diminutief in Duits gelyk het — wat ek tot nadere berig wel doen — kan uit die historiese gedeelte van sy uiteensetting alleen dit haal vir Afrikaans: insig in ’n móóntlike wyse waarop die diminutiefgebruik by òns kòn toegeneem het. Dis my duidelik dat Dr. Nienaber dit ook besef, asook dat hy in die betrokke gedeelte van Wrede niks vind wat die posisie by òns enigsins verklaar nie — anders kon hy gewoon Wrede se opvatting oor die Switsers-Duitse vormvaste diminutiva op Afrikaans oorgedruk het — wat hy egter nie doen nie. Met „huidige Afrikaanse... taalfekte wat (meer) na Wrede wys” kan ek, uit wat volg, alleen aflei dat gedoel word op hiërdie sin by Wrede: „dass die diminutiva ihr Reich vor allem in der Kindersprache haben.” Dr. Nienaber haal dit dan ook aan, al is dit moeilik te begrype hoe Wrede in dié verband nader aan die Afrikaanse taalfekte kan wees as Dr. Hoge. Dit egter daargelate; geen van hierdie drie skrywers bewys êrens die waarheid van die stelling in die laaste aanhaling uit Wrede nie. Self het ek dit vir òns aan ’n aansienlike hoeveelheid Afrikaanse prosa getoets en in verreweg die meeste gevalle die diminutief buite die kind om aangewend gevind, soos reeds gemeld. Al wat in dié verband wel gevind is, is dat in kinderliteratuur (a) meer diminutiva gebruik word dan in volwassene-prosa en (b) ook vry dikwels dubbelformasies van nie-vormvaste primêre vorme.

Opm. In verband met die laaste punt wys ek verder net daarop dat, net soos ons omgangstaal heelwat meer dubbelvorme te hore gee dan ons prosa te lese gee — altans volgens my persoonlike waarneming —, ook en veral „die Griekwa ’n besondere voorliefde (skyn) te hê vir die gebruik van dubbele verkleiningsuitgange”, volgens Dr. Rademeyer;¹³⁰⁾ hy ver-

¹³⁰⁾ *Kleurling-Afrikaans*, 1938, bls. 60.

klaar dit as „'n gevolg van die sug om die begrip van kleinheid beter te laat uitkom en sodoende groter effek te behaal. Daar word dan algemeen gepraat van: koppietjie, kalfietjie, kleintjietjie, plekkietjie, koeitjietjie, ens.” (p. 60). Ook by hiërdie eienaardige verskynsel staan die kind dus hoegenaamd nie alleen nie.

Alles saamgenome is daar dus nòg uit die Afrikaanse taaltoëstande nòg uit die Afrikaanse taalfeite iets te hale waarop veel lig val uit die verhandeling van Wrede.¹³¹⁾ Wat ek glo ons wèl kan help, is die antwoord op die volgende vraag: *Waarom* het die Suid-Duitsers so veel, die Noordelikes so weinig, gebruik gaan maak van diminutiva? *Waarom* die Skandinawiërs feitlik glad nie, die Engelse so bloedweinig, en die Nederlanders weer so veel? *Waarom*, om die vraag tot die Romaanse tale uit te brei, Frans so goed as niks, Spaans en Italiaans so enorm veel? Het bv. bodemgesteldheid, leefwyse, temperament en dergelike faktore meer daarby 'n rol gespeel, en in welke verhouding van een faktor tot 'n ander? Om die bedoeling van hierdie vrae op Nederlands oor te bring: indien my indruk¹³²⁾ korrek is dat die Vlaminge meer geneig is tot diminutiefgebruik dan die Hollanders, sluit dit op enige wyse aan by bv. verskille in geestesgesteldheid? Of, om te kom tot die vraag by die beantwoording waarvan ons regstreeks belang het: dui die meerdere taalaktiviteit om die diminutief heen in Afrikaans op enige verskil in bv. geestesgesteldheid tussen die Afrikaners en die Hollanders? Dit lyk my die kern van die vraag na die „inwendige taalvorm”¹³³⁾ van ons veelvuldige

¹³¹⁾ Dat ek Wrede dan tòg hier byhaal, is onontbeerlik omdat ek Dr. Nienaber se opvatting bestry.

¹³²⁾ Dit is bloot 'n indruk, niks meer nie.

¹³³⁾ Term van Anton Marty.

diminutiefgebruik. Of die vrae op wetenskaplik bevredigende wyse beantwoord kan word sonder 'n gestandaardiseerde meetwyse van bv. persoonlikheid, individueel en „en masse”, en veral vasstelling van die samehang daarvan met taal-uiting, is 'n ander vraag. In hierdie verband noem ek net die proefnemings in verband met volkskarakterologie van o.a. Heymans en Wiersma, in 1905 reeds, waaraan vandag nog deur verskeie psigoloë gearbei word maar waarmee nog nie alte veel vordering gemaak is nie. In elk geval, daar is die vrae.

Om egter terug te keer tot die diminutief in Duits wil ek hier wys op 'n paar hoogs interessante opmerkinge van die pen van Jacob Grimm, op wie se werk oor die diminutief volgens Wrede nog weinig gevorder is. Dit geskied hier wel enigszins uitvoerig omdat die samevatting van Dr. Hoge in sy beknoptheid oor Duits en sy nadruk op die „stronger tendency to use diminutives than any other Teutonic language” van Afrikaans, die verskil té groot laat voorkom. Ook is dit van regstreekse belang omdat Grimm die eerste is wat gesoek het na die „inwendige taalvorm” van die diminutief.

Grimm skrywe oor die semantiese aspekte van die diminutief onder andere dat dit nie alleen uitdrukking gee aan die kleine, die geringe nie, maar ook aan die „lieblichen, kosenden (*ὑποχόσισμα*). Daher finden sich diminutive Formen mitunter bei groszen, erhebnen, heiligen, erwünschteten, *selbst gefürchteten gegenständen angewandt, denen man sich vertraulich nähern und etwas abgewinnen will.*¹³⁴⁾ Besonders in Wörtern letzterer art pflegt dann der ursprüngliche diminutifbegrif oft zu erhärten, d.h. unfühlbar zu werden; so ist das franz. soleil, das slav. sinze ein

¹³⁴⁾ Sou dit die herkoms wees van Wrede se teorie van „Personification” o.a. in verband met Switsers-Duits „wetterli” ens.?

verkleinertes Wort, ohne dasz der heutige gebrauch die verkleinerung fühlt".¹³⁵⁾

Jammer dat Grimm geen voorbeeld gee van diminuering by „gefürchteten Gegenständen” aangewend uit 'n periode waarin bekend of bewysbaar is dat die „Fürcht” nog lewend was nie. Want dat in Frans *soleil* die diminusie nie meer gevoel word nie, is bekend, máár: het die vorming van die woord geskied in 'n tydperk toe daar nog vrees gekoester is vir die son? Soiets lyk my in elk geval uitgeslote by die (nie vormvaste) veelgebruikte Afrikaanse *sonnetjie*, wat veeleer vertroulik-koesterend — en meestal in koue weer — aangewend word, hoewel ek ook hoor praat het van „die *sonnetjie* wat darem vandag kwaai bak” in die felste somerweer.

Vir ons skyn daar vir my meer te sit in die idee van „vertraulich näheren und etwas abwinnen”, bv. in die dikwels gehoorde: „Màn, maar dit was vir jou 'n weertjie”, in verband met kwaai donderweer.... egter minstens met dié verskil dat by ons nog nie vormverstening of gevoelslytasie plaasgevind het nie. Ook bevat die groep vormvastes by ons geen geval van 'n „gefürchteten Gegenstand” nie. Hierop kom ons egter later terug.

Grimm vervolg met o.m. „dasz nun beides, das *kleine* und das *liebe*, in der Idee der Diminution liege, bestätigt die häufig erfolgende auswendige hinzufügung dieser adjective statt oder neben der inwendigen diminutivform. So sagen wir: ein *kleines* stückchen brot; ein *kleines* messerchen,” 'n gebruik wat teruggaan tot op Middelhoogduits, net soos ook substantiewe met „liebe”, bv. „mhd. *liebez* müeterlin, *liebez* veterlin....; nhd. heiszt es: seine *liebe* noth haben und es hat kein nötchen; das *liebe* brot....; die *liebe* sonne (identisch jenem *soleil* und *sinze*); die *lieben* sternlein; der *liebe* tag; aus unserm

¹³⁵⁾ J. Grimm: *Deutsche Grammatik* (Göttingen, 1831), deel III, hoofstuk VIII, bls. 664.

lieben rastbettlein Unser: der *liebe* gott entspricht dem lett. *deewinsch*, das eine diminution, aber eine liebkosende, nicht herabsetzende enthält und wenn der Litthauer in der redensart: *diewaitis gráuja* (gott donnert) diminutive form braucht, so vergleicht sich das wieder unserm der *liebe* gott In hd. volksliedern steht oft: mein pferdchen, mein rösslein, nicht für kleines, junges, sondern für *liebes, gutes pferd*; väterchen, brüderchen, schwesterchen drücken uns häufig nicht den begrif des jungen aus, vielmehr des traulichen, geliebten. Auf ähnliche weise werden auch mhd. diminutive zu deuten sein, z.b. *min vater* und *min müeterlin*" ¹³⁶⁾

Dit is presies dieselfde as wat in Afrikaans voorkom.

Wat Duits aangaan, is Grimm se uiteensetting volkome in ooreenstemming met die later „durch Polzin gewonnene Tatsache, dass das Mittelhochdeutsche die Diminutiva als selbständigen, nicht mehr fremd empfundenen Bestandteil seines Wortschatzes kennt im Gegensatz zum Althochdeutschen", ¹³⁷⁾ ascok met Wrede se teorie dat die diminutiëf in Duits „von Hause aus Koseformen sind."

Vir ons is egter veral van belang dat hierin ook die bewys geleë is dat een of twee uitgemaakte of gestelde „inwendige taalvorme", — hiër die geestekreatiewe of aktiewe —, van een of twee taaluitinge (uitwendige vorme) nie sonder meer aanvaar mag word as algemene geesteskenmerk van 'n ganse groep sprekers nie, al is die taaluitinge ook identies. Dit is naamlik wat Wrede verkeerdelik doen na aanleiding van *bergli* en *wetterli*. Want wat die primitiewe vreesmentaliteit uit bv. vrees of ontsag personifiseer in 'n diminutievorm, soos Grimm wil dat die geval sou gewees het met die Franse *soleil*, personifiseer 'n ander groep — met ongeveer gelyke mentaliteit en net enigsins verskillende verhouding teenoor dieselfde „Gegen-

¹³⁶⁾ Grimm t.a.p. bls. 665.

¹³⁷⁾ Wrede t.a.p. bls. 131.

stände" — in adjektiefgebruik, soos in „die liebe Sonne". Of, om by dieselfde groep te bly, die een dui om die kleinheid, die ander om die geneentheid, 'n suster aan met dieselfde vorm „Schwesterchen", waarmee in Afrikaans te vergelyke is die veelvuldige semantiese aspekte wat deur Dr. Hoge uitgewerk en hier deur my enigszins aangevul is. En selfs daardie aanvulling put nog geensins alle moontlikhede uit nie. Wat van bv. ironiewerking soos in Afrikaans: „Man, dis vir jou 'n lieflike entjie pad daardie: ses-en-negentig myl, twee-en-veertig hekke, 'n kort-begrip¹³⁸⁾ elke tien-twintig tree, en slaggate soos hare op 'n hond." Hoe aanneemlik Wrede se opvatting dus ook al mag wees ten opsigte van *bergli* en *wetterli* kan dit vir die hele groep Switsers-Duitse alleen aanvaar word (a) mits dit woord vir woord histories-semanties ondersoek en die ooreenstemming in ontstaansgrond aangedui word, en (b) mits bewys word dat nie ook dáárin, soos bv. in mhd. en Afrikaans, verskillende semantiese aspekte uitdrukking gevind het in identiese taalvorme, hier diminutiva, nie. Want soos geblyk het, is die inwendige taalvorm tog nie altyd so gelyk-aardig soos dié waarmee Wrede wil werk nie.

Owerigens merk ek net op dat „personifiëring", afgesien nog daarvan dat dit ook op ander wyses tot uiting kom, volstrek nié sonder meer op grond van „Wortbildung" of woordgebruik besien mag word as beligting van 'n mentaliteit wat „von dem Vorstellungskreise einer primitiven Mythologie nicht allzu weit entfernt sind," tensy dit gedaan word soos by Grimm waar die oorsprong van die manlike geslag van Duits „Mond" en die vroulike van „Sonne" aange-toon word uit 'n Edda-sage wat sê: „Mundilföri hatte zwei kinder, einen sohn Mâni und eine tochter

¹³⁸⁾ 'n Dwarswal-knik, 'n woord dikwels in die Karoo gehoor.

Sôl.”¹³⁹) Wie nie só te werk gaan nie, sou alte maklik primitiviteit kan lees „in” die Afrikaanse „hom”, waar van ’n *drie* wat in ’n rugbywedstryd aangeteken is, gesê word: „McDonald het *hom* gedruk”,¹⁴⁰) of in „die skoene se nate is los”, of „die weer is *kwaai*”.

Om egter terug te keer tot Grimm se verdere werk, vir ons is veral interessant dat daar heel vroeg in Duits (Althoch reeds) voorkom (a) „subst. aus adj. durch Verkleinerung”, soos dit ook in Afrikaans en Nederlands bekend is; („verkleinerte adj. aus adj. gibt es in unserer Sprache, wenigstens in der schriftsprache nicht”); (b) „Adverbiale diminution”, (c) enkele gevalle van „partikelverkleinerungen” soos „zusämmchen schlafen” en „miteinanderchen”; (d) selfs gevalle van „verbal diminution”; so haal Grimm aan uit ’n „Westphäl. Denkmal des 17 jh. neben eten (edere) ein diminutives eleken, etwa wie in der kindersprache hochdeutsch eszelchen, kommechen für essen, kommen gesagt wird.” ’n Ander tipe, naamlik met tussengeskwete -l-, bv. *lachen*, lächeln, kom in die gewone volwassene-taalgebruik nie ondikwels voor nie, maar hulle is of iterativa of „blosz frequentativen”, al voeg Grimm daarby dat by laasgenoemdes „oft die wiederholung einer handlung gewissermäszen eine zerstückelung und verkleinerung ihres begriffs (ist)”, (e) diminuering van samegestelde eiename, en, nota bene, meestal met meegaande afkorting van die naam—net soos Afrikaans; (f) (selfs) gediminueerde abstracta kom ’n enkele keer voor, bv. „thätlein”, hoewel dit uiters seldsaam gebly het.

So word hierdie „opvallende eienaardigheid van die Afrikaanse taal” steeds minder opvallend namate dit gestel word naas vollediger besonderhede oor ander tale.

¹³⁹) Grimm t.a.p. bls. 349.

¹⁴⁰) ’n Vry algemene gebruik van „hom”, ook op ander gebiede.

(iii) LATYN

Latyn lewer soveel punte op wat die posisie ten opsigte van die diminutief in Afrikaans verstaanbaarder maak, dat daar nie om spesifieke besonderhede na méér ander tale hoef gerek te word nie.

Ruimer as in Afrikaans is bv. die reeks woordsoorte waarvan diminutiva gevorm word, naamlik substantiva, adjectiva (comparativa inbegrepe), verba, adverbia en numeralia.

Ook is in Latyn, soos te sien in die werk van digters en volkskrywers, kleinheid nie primêr by diminutiefgebruik nie. Dit blyk veral duidelik by Plautus (254-184 v.C.). Kleinheid is by hom nie primêr nie by (i) mens-, volks- en komediename, (ii) i.v.m. diere, (iii) comparativa met die diminutiefsuffiks — waar dit die aspek gee van „etwas” plus die stellende trap. (iv) telwoorde (soos *primulus*), (v) „Das deminutivsuffix fällt ferner bei einer Anzahl von Adjektiven und Adverbien auf, die schon als Primitiva ein geringes masz bezeichnen: *aliquantillum*, *minutulus*, *parvolus*,” e.a.; (vi) geen spoor van „kleinheid” in die opvallende diminuering „bei scherzhaften Formen und bei Neubildungen wie *acula*, *adsentatiuncula*, *amatorculus*,” e.a.; (vii) verskeie adjectiva wat in ’n sin volg op substantiva wat gediminueer is — vormooreenstemming s.m. dus [W.K.] —; (viii) name van besittinge ré huis en slawe, geld en goed; (ix) mark- en voedselwoorde; (x) woorde wat doel op ’n teer, jeugdige „Alter”; (xi) woorde ré „Ausschen und körperbeschaffenheit” wat betrekking het op dele van die liggaam; (xii) by uitdrukkinge „die eine Erotische Beziehung haben”, bv. *culcitula*, *equola*, *labellum*, ens.; (xi:i) verskeie ander ongroepeerbare woorde.¹⁴¹⁾

¹⁴¹⁾ Alles hier volgens F. Conrad: Die Deminutiva in Altlatein, ’n artikel in *Glotta* (Zeitschrift für griechische und lateinische Sprache), XIX, blss. 127-148 en XX, blss. 74-84; hier bepaaldelik blss. 127-128.

Daar is volgens my materiaal geen Afrikaanse skrywer by wie ons soveel groepe vind, dieselfde of verskillendes, ten opsigte waarvan kleinheid in sowat 66% van die gevalle nie die oorwegende is nie, soos hier by Plautus.

Wat dan semanties wél „das Deminutivum vom Primitivum unterscheidet, ist sein ‚Gefühlswert‘“, sê Conrad,¹⁴²⁾ iets wat trouens ook buite Plautus om, en vir ander tale, geld. So sê Brugmann en Delbrück¹⁴³⁾ bv.: „Wohl jede Deminutivbildung, in der das Begriffselement der Verkleinerung lebendig war, konnte von jeher, wie sie gegebenenfalls kosend, schmeichelnd gebraucht wurde, okkasionell auch einen der Unlustaffekte, die durch Kleinheit erregt werden, Geringschätzung, Verachtung, Spott u.dgl. mit zum Ausdruck bringen; am natürlichsten erscheint das, wenn der Gegenstand mit dem Merkmal der Kleinheit zugleich das einer für jedermann wahrnehmbaren minderwertigen Beschaffenheit an sich hat. Der Gegenstand kann im Vergleich mit anderen Gegenständen seiner Klasse stehen, oder die Geringschätzung wird einer ganzen Klasse im Verhältnis zu ausserhalb stehendem zuteil, wie bei *menschlein* gr. ἀνθρωπίσκος lat. *homullus homunculus homuncio* für den Menschen als schwaches Erdenkind. Die Vorstellung des Kleineren bleibt unter Umständen ganz im Hintergrund und die Verachtung dominiert: z.B. mit *rösslein rösschen* ai. *ašvaká-s* usw. kann unter Umständen ein minder wertiges, schlechtes Ross, auch bei normaler Grösse, ein Klepper bezeichnet werden; bei Cicero *sermunculus* ‚Geschwätz, Geklatsch‘, *nummuli* etwa ‚schnödes Geld, elender Mammon‘, *plebecula* etwa ‚Gesindel‘, *furunculus* etwa ‚elender Dieb‘, *ratiuncula* etwa ‚elender Vernunftgrund‘; nhd. *gesindel*

¹⁴²⁾ Conrad: *Glotta* XIX, blss. 143-144.

¹⁴³⁾ Brugmann & Delbrück: *Grundriss der Vergleich. Grammatik der Indoger. Sprache*, II, deel 1, Strassburg, 1906, bls. 682.

zu *gesinde*; ai. *bandhula-s* ‚Bastard‘ zu *bándhu-š* ‚Verwandschaft, Verwandter‘.”

Wat ook al die besondere gevoelswaarde, volgens Conrad is dit dan as volg gesteld daarmee. „Das Suffix bedeutet Anteilnahme, Freude am Besitz, am Genusz, sinnliches und geistiges Wohlgefallen, Betrübnis über etwas, es verrät, dasz der Sprechende der Person oder Sache nicht objektiv, sondern subjektiv gegenübersteht. Das Deminutivsuffix ist das Zeichen eines Affekts, mag dieser auch noch so geringfügig sein. Dieser Umstand erklärt es, dasz ein und dasselbe Wort bei Plautus an verschiedenen Stellen zwar in gleicher Bedeutung, aber hier mit, dort ohne Suffix begegnet. An der einen Stelle hatte es eine Affektische Nuance, an der andern fehlte diese. Bisweilen auch ist der Gefühlswert eines Wortes an einer Stelle nicht offen ersichtlich, aber die ganze Stelle ist affektisch gefärbt.” (Vergelyk hiermee wat ek reeds vasgestel het oor verband en gevoelswaarde in Afrikaans, pag. 43 vlg. hiervan.—W.K.) „*Leicht stellt sich in lustbetonter Diktion das Deminutivum ein*; eine Parallele bietet auch die deutsche Sprache. Man spricht von einem hübschen ‚Sümmchen‘, einem feinen ‚Profitchen‘, einem ‚Scheinchen‘, einem ‚Kleidchen‘, ‚Ringlein‘, ‚Süppchen‘, einem ‚Mädchen‘, ‚Mägdelein‘, von Ausdrücken mit Deminutivsuffix, die der Geschlechtssphäre angehören, ganz zu schweigen. Doch hören wir Plautus! *Philematium meretrix* ist freudig erregt. Sie ist bei ihren *Philolaches*. Das festliche Gelage soll beginnen. *Age accumbe igitur*, ruft sie *Philolaches* zu. *Cedo aquam manibus, puere*, spricht sie zum Sklaven, *appone hic mensulam!* (Most. 308). Hier, an diesem Tischchen will sie mit *Philolaches* vergnügt sein. Anders Pseud. 296. Hier handelt es sich um die einfache Faststellung, dasz, seitdem die Wechsler wohlgenährt vom Tische aufstehen, sie gegen Fremde klüger geworden sind und keinem mehr so recht in Geldsachen einen Gefallen erweisen wollen:

Heus te, postquam hercle isti a mensa surgunt
 saturata cute,
 Qui suum quom repetunt, alienum reddunt nato
 nemini,
 Postilla omnes cautiores sunt, ne credant
 alteri." ¹⁴⁴⁾

Voorts haal Conrad nòg gevalle aan: bv. by 'n nugtere vergelyking geen diminutiva nie, dan egter „treten erotische Beziehungen auf, und sofort stellen sich Diminutiva ein". Waar hierteenoor die „erotische Beziehung fehlt, steht das Primitivum". So kry ons verder o.a. „das Angenehme des Geschmacks", „die Klangfarbe des Bedauerns—; so sagt Labrax in den Versen Rud. 549/50 traurig:

Eheu, redactus sum usque ad unam hanc *tuniculam*
 Et ad hoc misellum pallium: perii oppido!

Fehlt Affektbetonung, so steht das Primitivum:

Ps. 738: Hircum ab allis. / Manuleatam *tunicam*
 habere hominem addecet."

In haarfyn dieselfde soort gees kry ons *filiū* teenoor *filiolum*, met 'n „gemütliche Grundstimmung" *clam* teenoor *clanculum*, *vetus* teenoor *vetulus* e.d.m.

Dit geld ook van eiename, waarby Conrad met velerlei voorbeelde aantoon „dasz der römischer Dichter das Suffix dazu verwandte, um den Träger des Namens als Gegenstand des Wohlwollens, der Zuneigung, kurz, als Objekt irgendeines Affekts erscheinen zu lassen". ¹⁴⁵⁾

Ek beskou dit oorbodig om hier meer as net attent te maak op die groot ooreenkoms met Afrikaans.

¹⁴⁴⁾ Conrad, *Glotta* XIX, bls. 144.

¹⁴⁵⁾ Conrad, *Glotta* XX, bls. 77.

By bostaande oor Plautus sluit volkome aan wat A. Meillet skrywe oor Terentius (185-159 v.C.): „Térence a un style intellectuel plutôt qu'affectif. Quand il emploie un diminutif, c'est pour indiquer un petit objet.”¹⁴⁶⁾

In verband met die *affektiewe* in taal, waarvan hier keer op keer sprake is, dien daarop gewys te word dat dit hoegenaamd nie beperk is tot die taalgebruik en „mentalité” van enkelinge nie en ook nie tot uiting in diminutiva nie.¹⁴⁷⁾ So skrywe W. von Wartburg: ¹⁴⁸⁾ „Le langage familier, *affectif*, se signale surtout par les exagérations. Dans les moments d'émotion nous voyons tout en grand, ou bien en petit; en tout cas les dimensions sont changées pour nous.” As voorbeeld daarvan noem hy die dubbele nie, wat veral in vulgêre Latyn besonderlik ingedring het, sy dit dan ook in die vorm van verskillende partikels soos vandag reëlmatig in Frans te vind is.

Terloops moet in hierdie verband herinner word aan die studie van Dr. A. C. Bouman: *Onderzoekingen over Afr. Syntaxis*, veral hoofstuk III.

Naas die dubbele negatief (of dubbele nie soms), noem Meillet nog as draer van 'n „Affekt” frequentativa en diminutiva. En nou is dit baie opvallend dat juis Plautus so wemel van laasgenoemde twee,¹⁴⁹⁾ asook dat die dubbele negatief heelwat by hom voorkom. Veral die frequentativa sou by hom veel gebruik word omdat hy by uitnemendheid 'n skrywer is vir die gewone plebs wat „s'adresse à un grand public dont il fallait retenir l'attention par une recherche constante de l'expression forte”,¹⁵⁰⁾ m.b.p. in die hierbogenoemde taalvorme.

¹⁴⁶⁾ A. Meillet t.a.p. bls. 188.

¹⁴⁷⁾ Kyk veral G. Vaucher: *Le Langage Affectif*, en H. Sperber: *Über den Affekt als Ursache der Sprachveränderung*.

¹⁴⁸⁾ t.a.p. bls. 37.

¹⁴⁹⁾ Volgens A. Meillet t.a.p. bls. 180.

¹⁵⁰⁾ Meillet t.a.p. bls. 176.

Die taalverskynsels wat hier saamgaan, is dus affektiewe elemente plus die on- of liggestileerde volkstaal. Afgesien daarvan dat hier geblyk het dat dié verskynsels op dieselfde causale wyse samehang as wat vir Afrikaans vasgestel is, staan daar ook die interessante mededeling by Brugmann en Delbrück dat in die oudste literatuur-oorkondes die diminutief veral in die *volkslied* opvallenderwyse voorkom. Daarmee meen ek die stelling wat vir Afrikaans gevind is: affektief lewend, affektief sprekend, te mag aanvaar as korresponderende aan 'n wetmatigheid ten opsigte van diminutiefgebruik in die algemeen.

Om egter te vervolg op die omstandighede van veelvuldige diminutiefgebruik — soos reeds voorheen gedeeltelik opgemerk is, lei dit maklik tot kleurlose gewoonte-aanwending, soos Conrad dit noem in verskeie gevalle by Plautus, wat hy noem „Form-Attraktion”. Dieselfde het ons aangetoon uit Goudstad van Abel Coetzee. Brugmann en Delbrück¹⁵¹⁾ noem hierby die volgende: (i) „Nomina mit deminutivem Formans büssen den Deminutivsinn oft völlig ein, so dass sie mit dem Grundwort gleichbedeutend werden. Das Grundnomen kann dann durch das Deminutivum verdrängt werden, z.B. mhd. *niftel* ‚Nichte’, ursprünglich ‚Nichtchen’, zu ahd. *nift* ‚Nichte’ usw. Diese Formansentwertung findet zunächst durch gewohnheitsmässigen Gebrauch des Wortes statt, besonders wenn das Deminutivum Zärtlichkeitsausdruck ist, wie überhaupt Ausdrücke mit intensiverem Gefühlswert an diesem mit der Zeit leicht verlieren.”

Sover uit te make is, is gevoelsbegeleiding egter nie onontbeerlik vir 'n proses van verdringing deur 'n diminutief nie, soos blyk uit die bespreking van Conrad. Dieselfde sien ons in Latyn: *oculus*, volgens

¹⁵¹⁾ t.a.p. bls. 673-674.

Meillet 'n diminutief ¹⁵²⁾, waarby nie meer uit te make val waarom dit dié vorm het nie.

'n Tweede faktor is (ii) die inwerking van 'n groot groep woorde wat uitgaan op klanke wat presies korrespondeer met die diminutiefuitgang van ander woorde.¹⁵³⁾ Dié moontlikheid het ek reeds gemeen as buite rekening te late by ons taal.

„In anderer Weise”, vervolg Brugmann-Delbrück, „geht die Verkleinerungsbedeutung von Substantiva zu grunde, (iii) wenn die Diminutivform zur Benennung eines anderen Gegenstandes, als den das Grundwort bezeichnet, verwendet wird, z.B. ahd. armilo ‚Ärmel’, ursprönglich ‚Ärmchen’”, ens., oder wenn sich die Bedeutung der Deminutivform durch gewisse kulturelle Einflüsse verändert. z.B. nhd. männchen, weibchen, lat. masculus als zu sagen technische Ausdrücke für den Sexus.” ¹⁵⁴⁾

(iv) „Der Drang, den Begriff der Kleinheit voller zu äussern, als es ein einfaches Verkleinerungsformans für gewöhnlich tut, insbesondere auch der kosenden oder auch deteriorativen Nebenbedeutung, im Ernst oder im Scherz, einen breiteren Ausdruck zu geben, führt vielfach dazu, eine Deminutivform nochmals formantisch zu deminuieren. So z.B. gr. *χλανιδίσκιον* *χλανισκιδιον* zu *χλavis* (*χλavidιον*) ‚Sommergewand’ ” en dergelike meer gevalle uit verskeie tale.¹⁵⁵⁾

Buite die Indogermaanse taalfamilie om kan by die derde faktor hierbo nog genoem word dieselfde verskynsel in verskeie Bantoetale,¹⁵⁶⁾ terwyl by hierdie verdringing, vervaging en opeenstapeling tenslotte nog gevoeg kan word die konklusie waartoe Conrad kom op grond van sy studie van Plautus. Daardie materiaal

¹⁵²⁾ Meillet t.a.p. bls. 173.

¹⁵³⁾ Kyk Strodach t.a.p.

¹⁵⁴⁾ Brugmann-Delbrück t.a.p. bls. 674; ook aanhaling by voetnoot 157.

¹⁵⁵⁾ Waarby ek net weer herinner aan Griekwa-Afrikaans.

¹⁵⁶⁾ Vgl. Prof. Dr. J. Engelbrecht: *Suffixbildung in den Südafrikanischen Bantusprachen* (1925).

bewys dat ten tyde van Plautus „ein starke Entwertung des Suffixes eingetreten war. Wieweit diese Verdunkelung damals schon fortgeschritten war, zeigt auch die Tatsache, dass der Dichter von einem Stammworte zuweilen nicht nur ein, sondern zwei, ja, drei Deminutiva bildete: cista, cistula, cistella, cistellula”¹⁵⁷⁾ e.a., presies soos ook die gewone volksmenigte daartoe gekom het om, waar ’n enkelvoudige diminutief nie meer vir hül bewussyn kon dien as „vollwertige Affektrträger” nie, die semanties verslete uitgang te herhaal.

Tenslotte net nog die opmerking dat hierdie verskynsels mutatis mutandis ook geld van ander groepe gevoelswoorde, byvoorbeeld frequentativa, naamlik dat „l’usage fréquent affaiblit sans cesse l’effet”,¹⁵⁸⁾ met tot gevolg dikwels (i) stapelvorme en (ii) verdringing van die primitivum.

Gestel naas vroeë Latyn is ons in Afrikaans dus, wat die diminutief betref, nog maar by die tweede dimensie.

GEVOLGTREKKING

Samevattenderwys meen ek nou te mag sê dat (a) wat die verkleinwoord betref, die verskille tussen Afrikaans en Nederlands veel geringer is as wat steeds tot hiertoe gemeen is. (b) Die kern van diminutiefgebruik is geleë, nie soseer in ’n gebruiksfrekwensie nie, as in die temperamentele aard van die gebruiker, waarby die verkleinde woordsoort en getal volkome sekondêr is. Daarom word hier ook liever gepraat van taalaktiviteit ten opsigte van die diminutief dan van die té bewuste „voorliefde”.

¹⁵⁷⁾ Conrad, *Glotta* XX, bls. 82.

¹⁵⁸⁾ Meillet t.a.p. bls. 180.

Stel ons nou die verskyning van die diminutief in Afrikaans teenoor Nederlands en Latyn v.C., met behoorlike inagname van alle gebruiksomstandighede plus die feit dat alle aspekte van die diminutiefposisie in Latyn verklaarbaar is uit nie-strak gestileerde en vòlkse taalaktiviteit, dan kan die resultaat van hierdie ondersoek as volg saamgevat word: vir soverre Afrikaans 'n voortsetting is van 17de eeuse *vòlks-nederlands* soos die Dietse deel van die Afrikaners dit grotendeels is van 17de eeuse Nederlandse vòksgroepe, en vir soverre Afrikaans blykbaar van die vroegste begin reeds 'n taamlik homogene taalgroep is, kàn ook die meerdere Afrikaanse taalaktiviteit om die diminutief heen verklaar word as 'n normale uitbou van nie-strak gestileerde vòkслеwe in homogeen-volkse taalaktiviteit.